DATE 4 - SEP 1959
DIE VOLKSBLAD

*Dr. O'B. Geldenhuys op wêreldkonferensie*

# Ons moet gemeenskaplike bestemming soek in Afrika

*(Randse Verteenwoordiger)*
JOHANNESBURG.

„ONS tyd in Suid-Afrika word min. Ons moet mense van alle rasse opwek wat saam na ons gemeenskaplike bestemming in Afrika sal soek," het dr. F. E. O'B. Geldenhuys, Moderator van die noordelike streeksinode van die N.G. Kerk in Transvaal eergister gesê toe hy die wêreldkonferensie van die morele herbewapening op Caux in Switserland toegespreek het.

'n Verslag van sy toespraak is gister deur die beweging in Johannesburg aan die pers verstrek.

Ná 300 jaar se ondervinding van rasseverhoudings — en nou praat ek van die Afrikaanse seksie van ons nasie en veral die meer Nasionale seksie wat tans in Suid-Afrika regeer — dink my mense werklik en opreg dat ons die beste weet wat reg is. Baie of die meerderheid van die Bantoebevolking is dit blykbaar nie met ons eens nie.

Dr. Geldenhuys het gesê dat geen plan wat nie ook die ondersteuning van alle rasse het nie enige hoop op sukses het nie.

„Ons Afrikaners van Europese afkoms het veels te veel gedink uit die standpunt hoe ons onsself kan red. Ons moet 'n nuwe lewe van kwaliteit voer in ons gesinne in ons kerk en in ons samelewing. Om die wêreld te red moet die kerk weer die strydende kerk word."

Dr. Geldenhuys het voorts gesê dat sy godsdiens net nie groot genoeg was om sy mense wakker te skud en te laat marsjeer nie. Die fout lê nie in sy godsdiens nie, maar in die wyse waarop hy dit uitleef. Die ingebore traagheid, selfsug en eiegeregtigheid veral van die Afrikaners het ons totaal verblind vir wat vandag in die wêreld op die spel is.